

## Maandag 26 Desember (Welwillendheidsdag)

**Skrifgedeelte: Romeine 15:1-13**

**Fokusgedeelte: Romeine 15:13**

### **God – die Bron van ons hoop**

God het die werkswyse om *alles wat Hy ons beveel, eers vir ons te gee*. Hier lees ons –

- vs 1-3: ons moenie net aan onself dink nie, maar aan ons naaste ... presies dit het Christus eerste vir ons gedoen!
- vs 7-12: ons as gemeente moet mekaar aanvaar ... soos Christus ons, as gelowiges uit die heidennasies, aanvaar het naas die Jode/ “die besnydenis” (OAV).
- vs 13: ons hoop moet al hoe sterker word / “oervloedig” (OAV) ... maar dit kan nie anders gebeur as “deur die krag van die Heilige Gees” nie.

God het dié manier – om eers te gee wat Hy van ons eis – omdat Hy die Bron is van alles wat goed is: van naasteliefde (vs 1-3), aanvaarding van mekaar (vs 7-12), en van Christelike hoop (vs 13).

Wanneer verloor jy dus vreugde en vrede in jou lewe? Wanneer jy geloof verloor het. Wanneer verloor jy geloof? Wanneer jy hoop verloor het. Wanneer verloor jy hoop? Wanneer jy God, die Bron van hoop, kwytgeraak het. Wanneer raak jy God kwyt? Wanneer jy die krag van die Heilige Gees weerstaan ...

As mens só hieroor nadink, tref die *lewenserns van dié wens* in vers 13 jou – én die gemeente van die Here Jesus Christus – tussen die oë!

*Sing: Psalm 42-1:6, 7*

*Ds. Johan Botha (Emeritus)*